NWK WYS NUWE BD EN VOORSITTER AAN

Mnr. Danie Marais is vanaf 3 Julie 2007 die nuwe besturende direkteur van NWK Beperk. Mnr. Marais het uitgebreide ondervinding met betrekking tot landboubesighede en was tot Julie 2006 die hoof uitvoerende beampte van VKB gewees. Voor dit was hy vir meer as 19 jaar verbonde aan African Products(Pty) Ltd – onder meer as uitvoerende direkteur.

Mnr. Heinrich Krüger is op 19 Junie 2007 na afloop van die Algemene Jaarvergadering, verkies tot Voorsitter van die direksie van NWK Beperk.
Mnr Krüger dien op die direksie van NWK sedert Augustus 1996.
Mnr. Lemmer Vermooten is tydens dieselfde vergadering tot onder-voorsitter verkies. Mnr. Vermooten dien op die direksie van NWK sedert Junie 2002.

Uitegreik: 20 Junie 2007 te Lichtenburg